



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V1

## FEBRUARIE/MAART 2015

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

3. **LET WEL:** Die vrae in AFDELING A tel EEN punt per feit, tensy anders aangedui.

4. Lees AL die vrae aandagtig deur.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 Versoening is …

A die gevoel van eenheid wanneer heilige rituele beoefen word.
B die wedergeboorte van die siel of gees.
C begrip en vergifnis tussen mense wat 'n slegte verhouding gehad het.
D die gevoel van behoort by daardie mense wat in dieselfde gebied woon. (1)

1.1.2 In 'n godsdienstige konteks is 'n verbond …

A 'n manier om te regeer en te beheer.
B 'n geheime plan om iets skadeliks te doen.
C beskikbaar vir mense om te gebruik hoe hulle ook al wil.
D 'n diep en plegtige waarborg of belofte. (1)

1.1.3 Konserwatisme is …

A wanneer mense twee of meer gelowe/oortuigings in een stelsel wil integreer.
B die vermoë om te besluit wat om te doen sonder oorleg/omsigtigheid.
C om los van godsdienstige instellings en simbole te leef.
D om aan tradisionele, konvensionele waardes vas te hou. (1)

1.1.4 Watter EEN van die volgende verduidelik die term *ideologie*?

A Wat godsdiens in die samelewing doen en wat sy rol in die wêreld is, word gelees en geïnterpreteer
B 'n Godsdienstige oortuiging dat die samelewing in vier afsonderlike klasse ingedeel kan word volgens die werk wat mense doen
C 'n Situasie waar lede van baie gelowe in dieselfde gebied woon
D Het te make met die heersende wêreldbeskouing wat die betekenis van bestaan vorm. (1)

1.1.5 Watter EEN van die Pilare van Islam word dikwels slegs een keer in 'n persoon se lewe uitgevoer?

A Verklaring van geloof
B Rituele gebede
C Vastydperk
D Pelgrimstog na Mekka (1)

1.1.6 Die doelwit waarna alle Boeddhiste streef, word … genoem.

A Nirvana
B Samsara
C karma
D moksha (1)

1.1.7 Hierdie is 'n vorm van Christelike lering wat fokus op die regstelling van sosiale/maatskaplike en politieke ongeregtigheid:

A Raad vir Godsdienstige Leiers in Afrika
B Bevrydingsteologie
C Wêreldraad van Kerke
D Kaapstadse Intergeloof-inisiatief (1)

1.1.8 Watter EEN van die volgende is die Hindoe-geleerde wat die aanbidding/verheerliking in die tempel lei?

A Monnik
B Imam
C Geleerde ('Pundit')
D Rabbi (1)

1.1.9 Hierdie godsdiens se begrip van die lewe is gebaseer op die ingewikkelde, komplekse verhoudings tussen alle lewende wesens:

A Boeddhisme
B Islam
C Judaïsme
D Afrika Tradisionele Godsdiens (1)

1.1.10 'n Volgeling glo dat slegs sy/haar siening/beskouing van godheid reg is:

A Funksionalisme
B Humanisme
C Eksklusivisme
D Kommunisme (1)

Kopiereg voorbehou 

1.2 In die konteks van godsdiens, skryf TWEE sinne oor elk van die volgende konsepte/terme:

1.2.1 Boeddha (2)

1.2.2 Doopbediening (2)

1.2.3 Kalief (2)

1.2.4 Bar Mitzvah (2)

1.2.5 Reïnkarnasie (2)

1.3 Kies die woord wat NIE in elke groep woorde hieronder pas NIE. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

Voorbeeld: verassing; ubuntu; voorvaders; Modimo
Antwoord: 1.3.6 verassing

1.3.1 kardinaal; pastoor; monnik; non (2)

1.3.2 Vaishnavisme; Smartas; Soefisme; Shaktisme (2)

1.3.3 inkarneer; opstanding; evolusie; saligmaking (2)

1.3.4 Upanishads; Vedas; Tanag; Bhagavad Gita (2)

1.3.5 waarsêers; voorvaders; Mpumalanga; inyanga (2)

1.4 Dui aan of elk van die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Gee 'n rede indien die antwoord ONWAAR is.

1.4.1 Dharma is die geloof dat elke daad 'n gevolg het wat óf goed óf sleg is. (2)

1.4.2 Hindoeïsme leer nie oor 'n god/gode nie, maar moedig 'n lewenswyse aan om lyding wat deur onvervulde menslike begeertes veroorsaak is, te beëindig. (2)

1.4.3 Die Afrika Tradisionele Godsdiens is slegs in die landelike gebiede algemeen. (2)

1.4.4 Taoïste glo dat daar in die begin God en niks anders was nie. God het die skepping uit niks gemaak. (2)

1.4.5 Volgens Islamitiese leringe kan alle godsdienste as verskillende stadiums van die mensdom se geestelike ontwikkeling, soos wat ons na een wêreldgeloof beweeg, beskou word. (2)

1.5 Kies 'n item uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.5.1 | Stellings of stel godsdienstige oortuigings | A | mantra |
| 1.5.2 | Leef vir altyd, ewig, onverganklik | B | Taoïsme, Confucianisme |
| 1.5.3 | 'n Vers, sillabe of frase wat vermoedelik van goddelike oorsprong is en wat in rituele gebruik word | C | pluralisme |
| 1.5.4 | Die daad om die verstand/ bewussyn as 'n geestelike oefening te kalmeer en rustig te maak | D | onsterflik |
| 1.5.5 | Alle godsdienste is paaie na die waarheid, hulle is ewe waar | E | Hindoeïsme, Boeddhisme |
| 1.5.6 | Mense moet lewe volgens hoe die heelal werk | F | geloofsbelydenis |
| | | G | meditasie |

(6 x 1) (6)

1.6 Verduidelik die verskil tussen die konsepte *lering* en *oortuiging/geloof*. (4)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 2

Lees die gedeelte hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BESKOU DIE GODSDIENSTIGE LANDSKAP AS 'N GEHEEL**

Elkeen van die godsdienste is uniek. Dit sou 'n ernstige fout wees om hulle almal gelyk te stel deur te sê, 'Op stuk van sake sê hulle almal dieselfde ding!'

Daar is belangrike verskille tussen hulle.

[Aangepas uit *The Human Search for Meaning* deur JS Kruger, GJA Lubbe en HC Steyn]

2.1 Identifiseer VIER unieke kenmerke van enige EEN godsdiens. (8)

2.2 Verduidelik hoe die godsdiens wat jy in VRAAG 2.1 gekies het, sy eie identiteit skep. (4)

2.3 Noem TWEE ooreenkomste wat deur die verskillende takke van die godsdiens in VRAAG 2.1 gedeel word. (8)

2.4 Lees die gedeelte hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

In 1997 het die destydse President van Suid-Afrika, Nelson Mandela, 'n beroep op godsdienstige gemeenskappe gedoen om hulle verskille tersyde te stel en saam te werk om 'n vrye en regverdige Suid-Afrika te bou.

[Bron: *Focus on Religion Studies*]

2.4.1 Watter stappe het die Suid-Afrikaanse regering gedoen om intergodsdienstige harmonie in Suid-Afrika te verseker? (10)

2.4.2 Bespreek en evalueer die werk wat deur enige EEN intergodsdienstige organisasie in Suid-Afrika gedoen word. (10)

2.4.3 Stem jy saam dat nouer bande tussen godsdienste nodig is om 'n regverdiger en vreedsamer wêreld te verseker? Gee redes vir jou antwoord. (6)

2.4.4 Wat is die hoofverskil tussen *interkerklik* en *intergodsdienstig*? (4)
**[50]**

## VRAAG 3

3.1 Lees die gedeelte hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> **GELOOFSKWESSIES**
>
> Die moderne media gee mense inligting oor gebeurtenisse van oor die wêreld heen soos wat dit gebeur. Mense kyk na hierdie inligting en vorm menings oor wat besig is om te gebeur. Die menings wat hulle vorm kan dan die wyse waarop hulle reageer en optree, beïnvloed.
>
> [Aangepas uit *Shuters Religion Studies Grade 12*]

3.1.1 Bespreek die negatiewe en positiewe invloed van die media op mense se godsdienstige oortuigings. (12)

3.1.2 Is sepies op TV, soos *Generations* en *Scandal*, 'n doeltreffende manier om mense te help om godsdienstige kwessies te verstaan?

Gee VIER redes vir jou antwoord. (8)

3.1.3 Noem VYF verskillende maniere waarop godsdienste op negatiewe mediadekking van godsdienstige kwessies kan reageer. (10)

3.2 Bespreek die praktiese stappe wat godsdienste kan doen om menseregte en verantwoordelikhede te bevorder of te beskerm. (10)

3.3 Wat is die voordele daarvan om in 'n multigodsdienstige samelewing te leef? (10)
**[50]**

**VRAAG 4**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BLOEDIGE MOSLEM-CHRISTEN-SKERMUTSELINGE DUUR VOORT IN SENTRAAL-AFRIKAANSE REPUBLIEK**

In 'n naweek van geweld in Bangui, hoofstad van die Sentraal-Afrikaanse Republiek (SAR), is ten minste 10 mense dood, het 'n beampte van 'n humanitêre agentskap gister gesê.

Gevegte het weer Saterdag tussen Christene en Moslems in die weste van die hoofstad uitgebreek waar baie geboue geplunder en aan die brand gesteek is.

Christene het nog 'n Moslem doodgemaak en een van die aanranders is deur 'n vredesbewaarder van die Afrika-unie doodgeskiet, het getuies gesê.

Die voormalige Franse kolonie word al amper 'n jaar in geweld verswelg. Moslems en buitelanders vlug al vir verskeie maande uit Bangui om van die konflik weg te kom.

[Aangepas uit *The Times*, 10 Februarie 2014]

4.1 Dink jy die bogenoemde is godsdienstige konflik? Gee redes vir jou antwoord. (10)

4.2 Watter rol kan godsdienstige organisasies speel om sulke konflikte te voorkom? (12)

4.3 Konflik tussen Moslems en Christene is meer algemeen in Afrika as op ander kontinente. Gee TIEN moontlike redes hiervoor. (20)

4.4 Alle godsdienste bepleit vrede eerder as oorlog. Oorlog is egter onder sekere omstandighede toelaatbaar.

Noem en brei kortliks uit oor TWEE voorwaardes waaronder 'n godsdienstige oorlog as geregverdig of toelaatbaar beskou kan word. (8)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**